

KONVENT VIR EENHEID

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE: 16 OKTOBER 2006 TE STELLENBOSCH

1. Opening en verwelkoming

1.1 Die voorsitter, dr Hannes Koornhof, heet al die aanwesiges welkom. Hy gee geleentheid aan die lede van die vergadering om hulleself bekend te stel. Die vergadering word stil aan die hand van die dagoordenking vir 17 Oktober 2006 van Sacred Space.

Daarna bespreek die lede van die vergadering die volgende twee vrae:

Ø *Wat het die paar maande sedert die Esselenpark-byeenkoms, aan jou persoonlik gedoen (Denke, ervaring van die Here en van mense, verwagtings ...)?*

Ø *Wat laat jou soms wakkerlê oor die proses van eenwording wat voorlê?*

Daarna lees Hannes Koornhof uit Hebrëers 11:8 en gaan voor in gebed.

2. Konstituering

2.1 VGK Kaapland

Teenwoordig: Allan Boesak, Mary-Ann Plaatjies, Lukas Plaatjie, Mziwoxolo Enoch Kabito, Edward Thaane, Lee-Anne Simon, Pieter Grove.

Verskoning: Averell Rust (langverlof) en Johan Botha

2.2 NGK Wes-Kaapland

Teenwoordig: Hannes Koornhof, Coenie Burger, Hannes Theron, Monty Sahd, Ben du Toit.

Verskoning: Elna Mouton, Braam Hanekom

2.3 NGK Oos-Kaapland

Teenwoordig: Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit, Danie Mouton.

Verskoning: Chris van wyk

3. Notule 2005-02-27&28

Die notule word voorgehou en goedgekeur.

4. Sake voortspruitend

Alle sake word in die sakelys gereflekteer.

5. Besinning oor die voortsetting van die werksaamhede van die Konvent in die lig

van die Verbondsverbintenis tot Eenheid en die voortvloeiende eenheidsproses

5.1 Besluite oor die eenheidsproses deur die Sinode van die VGK Kaapland In Oktober 2006

Die besluite van die sinode van die VGK Kaapland in September 2006 oor eenheid dien voor die vergadering. Die vergadering neem daarvan kennis. Die VGK –lede deel hulle ervarings rondom hulle eenheidsproses met die vergadering. Hulle noem onder andere dat die eenheidsproses op plaaslike vlak doelgerig bestuur moet word. Die lidmate moet ervaar dat daar ruimte vir kulturele bedieningsbehoefte voorsiening gemaak word. Die belangrikheid van nierassige bedieningspunte word ook beklemtoon.

5.2 Besluite deur die Moderamens van die NGK Wes-Kaap en Oos-Kaap

Die vergadering neem kennis van die besluite.

5.3 Implikasies van die eenheidsproses vir die agenda en strategie van die Konvent

§ Die vergadering besef dat die eenheidsproses op nasionale vlak implikasies vir die voortbestaan en funksionering van die Konvent.

§ Die Konvent gaan steeds bly funksioneer as 'n oorkoepelende struktuur.

§ Die UK gaan poog om een keer per jaar te vergader.

§ Die take van die Konvent moet binne bepaalde streke gedelegeer word.

5.4 Besluit oor hantering van spesifieke sake in die lig daarvan

5.4.1 Proses van Waarderende Onderzoek

Elke sinodale gebied sal verantwoordelikheid neem vir die proses in sy sinodale area. Waar daar 'n bepaalde inisiatief ontstaan, moet dit gesamentlik deur die twee kerke gedoen word. Dit geld vir beide die Wes-en Suid-Kaap en die Oos-Kaap. Die verskillende spanne moet die sanksie van die onderskeie moderamina hê. Die moderature sal oorhoofs verantwoordelikheid aanvaar.

Hannes Theron en Chris van Wyk word versoek om die proses wat uitgewerk is, vereenvoudig en aan almal stuur. Hannes Theron, Schalk du Toit en Mary-Anne Plaatjies

word versoek om die studiestukke wat reeds uitgewerk is vir die betrokke taakspanne wat op 6-8 November 2006 aangewys word, te verwys.

5.4.2 Kommunikasie van besluite aan gemeentes

Die vergadering neem kennis van die volgende besluit van die Dagbestuur op 15 Junie 2006:

Dat die voorsitter van die Taakspan in samewerking met die 3 moderators voor 31 Julie 2006 'n inligtingsdokument aan al die gemeentes van die onderskeie kerkrade stuur met die volgende inligting:

- i. Stand van sake oor die huidige proses van kerkeenheid*
- ii. Die besluit van die VGK oor Belhar in terme van samewerkingsooreenkomste*
- iii. 'n Kort samevatting van die besluite van die onderskeie Algemene Sinodes oor kerkeenheid en die Konvent*
- iv. Inligting oor die samesprekings tussen die VGK en NGK op 20-22 Junie 2006.*

Die vergadering oordeel dat die inligtingstuk nie meer nodig is in die lig van briewe wat reeds aan gemeentes gestuur is. Die belangrikheid van kommunikasie oor die algemeen word beklemtoon.

5.4.3 Voorstel oor Ringsgrense

Die vergadering neem kennis van die besluit van die dagbestuur op 15 Junie nl:

Dat die voorsitter van die taakspan vir kerkhereniging en die drie saakgelastigdes van die onderskeie sinodes op die uitgebreide Konvent in 2007 'n konsepplan vir die herindelings- en moontlike koppeling van ringe in die drie sinodale streke sal voorlê wat die eenheidsproses kan help. Die taakspan versoek die VGK om so 'n besluit op hul volgende sinodesitting en die NGK om op hul Moderamen/Sinodale Kommissie so 'n besluit te neem.

Die vergadering besluit om die drie saakgelastigdes te versoek om inligting te verskaf rondom die huidige ringsgrense. Francois Cillie sal versoek word om die saak te koördineer met die oog op verslagdoening in Januarie 2007.

5.4.4 Byeenkoms met Ringskommissies

Die vergadering neem kennis van die besluit van die Dagbestuur op 15 Junie:

Dat ons in Maart 2007 'n uitgebreide Konvent met al die ringskommissie van die onderskeie sinodes in Hartenbos hou. Die beginsel van so 'n byeenkoms en die datum word goedgekeur. Die samestelling van die byeenkoms word na die Taakspan terugverwys

Die vergadering besluit om van hierdie samekoms af te stap.

5.4.5 Gesamentlike Sinodevergadering 2008

Besluit van die Dagbestuur op 15 Junie: Die Dagbestuur sien dit as 'n moontlikheid waarna toe gewerk kan word. Daar moet na Maart 2007 ook Ringsprosesse wees wat kan ooploop na Oktober 2008

Die vergadering besluit om van hierdie saak af te stap

5.4.6 Eietydse vertaling van die Belydenis van Belhar

Danie Mouton sal dit dan formateer in 'n dokument met drie kolomme waarin die drie tale vervat is. Die vergadering besluit dat die dokument finaal verwerk moet word en aan die betrokke taakspan gegee word wat in November aangewys sal word. Die Begeleidende Brief moet by die dokument gevoeg word.

5.4.7 Onderzoekspan insake restituisie

Die saak geniet nog aandag.

5.4.8 Vraelys oor finansiële hulp aan gemeentes en oor vervreemde eiendom

Pieter Grove en Averell Rust is besig om te werk aan die vorm tov finansiële hulp en vervreemde eiendomme. Daar word ook 'n steekproef gedoen onder VGK gemeentes in Kaapland. Daar behoort later vanjaar 'n duideliker prentjie te kristalliseer

Die saak geniet nog aandag. Die vergadering versoek die betrokke persone om vir Deon Snyman van die Instituut vir Kerklike Restituisie te betrek by hierdie en die vorige punt.

5.4.9 Gespreksdokument: ervarings van die verlede en die pad vorentoe

Lukas Plaatjies en Pieter Grove sou aan die saak aandag gegee het.

Die hele gedagte agter hierdie punt was die verbetering en vestiging van verhoudinge. In die lig van die streeksamewerking word almal daaraan herinner om aandag te gee aan die belangrikheid van verhoudinge. Die moontlikheid van 'n dag van stilword en Bybelstudie word vir die twee groepe genoem. Die Wes- en Oos-Kaap groepe word versoek om by hulle eerste byeenkoms in 2007 so 'n byeenkoms te reël.

5.4.10 Toekoms NG Kerk in Oos-Kaapland re kerkhereniging

Hansie Schutte vra die vergadering se gevoel oor die bestaan van drie sinodes binne die huidige grense van die Kaapland nl Wes-, Oos- en Noord-Kaapland. Daar sal 'n Taakspan wees wat aan hierdie saak aandag sal gee.

5.4.11 Onvergelykbaarheid van sinodale strukture in Wes- en Oos-Kaapland

Hansie Schutte wys daarop dat die Oos-Kaap NG Kerk 'n baie eenvoudige struktuur het met geen PSD's en met die geld in die gemeentes. Daar bestaan ook net 'n sinodale kommissie en geen ander sinodale kommissies (behalwe ook die sinodale regs-kommissie). Die vergadering neem kennis daarvan. Hannes Koornhof sirkuleer 'n lys van bestaande PSD-poste.

5.4.12 Dagbestuur van die UK van die Konvent

Die vergadering oordeel dat die Dagbestuur van die UK nie meer nodig is nie.

5.4.13 Die bestuur van die proses

Die vergadering wil graag in die proses die volgende punte in ag neem:

Ø Die vergadering oordeel dat daar gekyk moet word na moontlikhede van wedersydse ondersteuning. Die ondersteuning moet gebou word op goeie verhoudinge. Daar kan ook gekyk word na verskillende modelle van ondersteuning.

Ø Die vestiging van nie-rassige gemeentes/bedieningspatrone. Hierdie saak moet verder

bespreek word met Braam Hanekom en Andrew Esterhuizen. Die twee streke word versoek om hierdie saak op hulle agendas te plaas.

6. Ander sake

6.1 Standpunt ten opsigte van geweld en koerantadvertensie

Die vergadering neem kennis van die advertensie rondom geweld en misdaad wat in koerante geplaas gaan word. Die saak waaroor dit gaan, is vir die vergadering baie belangrik. Die streke moet verder aan hierdie saak aandag gee.

7. Algemeen

Die sake is reeds onder die vorige punte behandel.

8. Volgende vergadering

Die drie voorsitters word gevra om te besluit oor die volgende vergadering.

9. Afsluiting

Hannes Koornhof bedank almal vir hul deelname. Die vergadering word afgesluit deurdat daar gebid word vir die eenheidsbyeenkoms van 6-8 November 2006.